# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

### Welkom terug aan al die Rynies!!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



Baie welkom terug aan al die Rynies en personeel. Ons is bly almal is veilig terug en ons is oorgehaal om van dié kwartaal ook ‘n sukses te maak. Na hierdie week is daar 10 weke in hierdie kwartaal oor met een vakansiedag op Woensdag 24 September 2025. Die skool sluit weer Vrydag 3 Oktober 2025 vir ‘n kort vakansie. Die Gr 4-7 leerders skryf hierdie kwartaal weer geskeduleerde toetse. Sien kwartaalprogram elders in die nuusbrief met toetsdatums en ander belangrike datums.

Hierdie is ‘n baie besige kwartaal veral op buitemuurse gebied. Beplan dus deeglik wat die voorbereiding betref vir die geskeduleerde toetse en kontak ons vroegtydig as daar enige onduidelikhede is. Ons doen weereens ‘n beroep op ons ouers om gebruik te maak van ons amptelike kommunikasiekanale soos verskyn op ons webtuiste. Kontak gerus die skool en kry die regte feite!



# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

Daar het die afgelope vakansie verskeie opknappings plaasgevind by die skool naamlik die snoepie, afdak by die seniors se middel trappe, verlenging van die krieketnette ter beveiliging van ons kleuters by die kleuterskool, afdak by die astro hokkieveld ens. Dankie aan ons beheerliggaam wat hierdie projekte ywerig inisieer om ons skool netjies en veilig te hou.







**Ons wens al die Rynies sterkte toe vir die nuwe kwartaal toe en spreek die hoop uit dat almal hulle doelwitte sal bereik.**





# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES PRESTEER:



**Jordan Strauss in Graad 6** het gedurende die skoolvakansie die Valke-Rugby seuns 0/12 in Klerksdorp verteenwoordig, daar is Jordan Strauss gekies vir die BRSI INVITATIONAL TEAM wat in Desember gaan toer in Italië.





**Kay-Lee Lundberg in graad 7** het besonder goed tydens die afgelope vakansie presteer. Sy het op 13 Julie 2025 eerste plek behaal in die *"US Kids – Wanna Be A Champion"* Gholf Toernooi in Serengeti. Sy het 3 wedstryde gespeel en in al drie eerste plekke behaal. Die volgende wedstryd in die reeks vind op 27 Julie 2025 plaas.
Verder was sy op 31 Junie 2025 gekroon as Model van die Jaar 2025 by Rampage – 'n ongelooflike prestasie waaroor ons baie trots is.

**Dainey Hamman in graad 6** het 6-9 Julie 2025 Oos Gauteng by die 'SASHOC Regional' hokkie toernooi verteenwoordig, en het die eretoekenning ontvang as die O/12 – dogter speelster wat die meeste doele aangeteken het tydens die toernooi.



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES PRESTEER:







**Sion Atterbury in graad 6** het tydens die skoolvakansie aan die Gholf SA o/17 toernooi deelgeneem en uitstekend presteer as die jongste speler op die veld, slegs 11 jaar oud. Hy het ook aan die o/13 en o/15 toernooie by Sun City deelgeneem, waar hy 'n indrukwekkende 2de plek in die o/13 afdeling behaal het.
Sion gaan saam met sy mede-skoolspanmaats in Augustus die skool verteenwoordig tydens die SA Laerskole Ernie Els Kampioenskappe in Kaapstad.



**Jordan-Scott Potgieter in graad 7** het tydens die Julie vakansie deelgeneem aan die jaarlikse Rhino week as deel van die Sentraal Vikings A o/13 span. Hy is verkies om Suid-Afrika te verteenwoordig as deel van die Rhino span wat na Italië toer in Desember. Dit is dan ook Jordan-Scott se 2de Internationale toer uitnodiging vir die jaar nadat hy tydens die April vakansie gekies is om deel te vorm van die Engeland toerspan wat gekies is tydens die Willie Le Roux Rugby week.

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

---

## LAERSKOOL RYNFIELD
## 2025 – KWARTAAL 3

| JULIE | |
|---|---|
| 24 Donderdag | Hokkie: Dogters vs Brentwood (tuis)<br>Pom en Cheer proewe 16:00-18:00<br>Seniorkoor oefen |
| 25 Vrydag | Pom proewe 14:00-16:00<br>Cheer proewe 16:00-18:00 |
| 26 Saterdag | Public Speaking: Gauteng |
| 28 Maandag | Tennis Liga - Dogters: Jan v Riebeeck (weg)<br>Hokkie: Seuns vs Pres. Steyn (Hoërskool Alberton)<br>Revue oefening<br>Pom proewe 15:00-16:30<br>Cheer proewe 16:30-18:00 |
| 29 Dinsdag | Oueraand op uitnodiging Gr 1-7 17:00-19:00<br>Juniorkoor oefen |
| 30 Woensdag | Landloop: Liga 1 (Pinnacle) |
| 31 Donderdag | Hokkie: Dogters vs Farrarmere<br>Pom & Cheer proewe 16:00-18:00 (laaste dag van proewe)<br>Seniorkoor oefen |
| **AUGUSTUS** | |
| 1 Vrydag | Gr 7 Line-Dance Sokkie Sessie (16:00-18:00)<br>Junior- en Seniorkoor optrede Benoni Gereformeer<br>Gr 7 Uitstappie na Wolwe Spruit |
| 2 Saterdag | Distrik Skaakkampioenskappe - Westwood |
| 1-29 Aug | Kunswedstryd deurlopend |
| 4 Maandag | Landloop: liga 2 (Pinnacle College)<br>Tennis Liga – Seuns: Van Riebeeck Park (tuis)<br>Revue oefening |
| 5 Dinsdag | Tennis Liga – Seuns: Impala (tuis) |
| 6 Woensdag | Mini-hokkie vs L/S Farrarmere (weg)<br>Mini-tennis ontwikkeling<br>Hokkie: Seuns vs Impala (tuis)<br>Voorkomsinspeksie Gr 1-3 |
| 6-9 Aug | Vivarte Kore |
| 7 Donderdag | Kleuterskool: Trek aan: Eendag as ek groot is<br>Hokkie: Dogters vs Noorderlig (weg) |
| 9 Saterdag | Distrik Skaakkampioenskappe - Northmead |
| 11 Maandag | Landloop: Greater Benoni (The parks)<br>Tennis Liga – Seuns: Oosterkruin (tuis); Dogters: Dalview (weg)<br>Revue oefening |
| 11-16 Aug | Dell-Arte Solosang optredes |
| 12-14 Aug | Krieket vs Pres Steyn |
| 13 Woensdag | Mini-tennis ontwikkeling<br>Hokkie: Seuns vs Farrarmere (weg)<br>Mini-hokkie vs L/S Northmead (weg) |
| 14 Donderdag | Hokkie: Dogters vs Rynfield (weg) |
| 15 Vrydag | Dell'Arte koor optrede (koorfees)<br>Distrik Skaakkampioenskappe – Dogters (Benoni High) |
| 16 Saterdag | Distrik Skaakkampioenskappe – Spanne (Benoni Hight) |
| 18 Maandag | Tennis Liga – Seuns: Curro Serengeti (weg); Dogters: Tom Newby (weg)<br>Revue oefening |
| 19 Dinsdag | Kleuterskool: What Walrus Laerskool Saal |
| 19-21 Aug | Krieket vs Kruinsig |
| 20 Woensdag | Mini-tennis ontwikkeling<br>Landloop: D17 (Pinnacle College) |
| 21 Donderdag | Mini-hokkie vs Rynfield Primary (tuis)<br>Hokkie: Dogters vs Bredell (tuis) |
| 22 Vrydag | Kleuterskool: Koekverkoping<br>Hokkie: Seuns vs Rynfield (weg) |
| 23 Saterdag | Landloop: Noordvaal (H/S Zwartkop) |

| | |
|---|---|
| 25 Maandag | Tennis Liga – Seuns: Kruinsig (tuis); Dogters: Die Arend (tuis)<br>Revue oefening<br>Mini-hokkie vs L/S Bredell (weg)<br>Mini-hokkie vs L/S Elspark (weg) |
| 25-29 Aug | **Assessering Deel 1 Gr 1-3** |
| 26 Dinsdag | **Toetsreeks: Gr 4 Geo** |
| 26-28 Aug | Krieket vs Northmead |
| 28 Donderdag | Hokkie:Dogters vs Northmead (tuis)<br>Hengel finale 0/10<br>**Toetsreeks: Gr 4+5 Gesk; Gr 6 Geo; Gr 7 Gesk** |
| 29 Vrydag | Gauteng Skaakkampioenskappe (Spanne)<br>Hengel 0/10 finaal<br>**Toetsreeks: Gr 7 Eng** |
| 30 Saterdag | Landloop: Gauteng<br>Hengel finaal |
| **SEPTEMBER** | |
| 1 Maandag | Kleuterskool: Dra 'n Lentehoed<br>Revue oefening |
| 2 Dinsdag | Mini-hokkie vs L/S Van Dyk (tuis)<br>Juniorkoor optrede<br>Hokkie: Dogters vs Westwood (tuis)<br>**Toetsreeks: Gr 4-6 NW/Teg** |
| 2-4 Sept | Krieket vs Kwa Thema Hub |
| 3 Woensdag | Seniorkoor optrede<br>Hokkie: Seuns vs Randhart (Marais Viljoen) |
| 4 Donderdag | Mini-hokkie vs L/S Brentwood (tuis)<br>**Toetsreeks: Gr7 Afr** |
| 5 Vrydag | Gr 7 Entrepreneursdag<br>Spreekkoor optredes |
| 8 Maandag | Revue oefening |
| 8-9 Sept | **Assessering Afr Gr 1-3** |
| 9 Dinsdag | Hokkie: Dogters vs Arbor (tuis)<br>Finale dag vir inhandiging van take / formele aktiwiteite<br>**Toetsreeks: Gr 4-7 Wisk** |
| 9-11 Sept | Krieket vs Randhart |
| 10-11 Sept | **Assessering Eng Gr 1-3** |
| 11 Donderdag | Mini-hokkie vs Elspark<br>**Assessering LV Gr 1-3**<br>**Toetsreeks: Gr 7 NW** |
| 12 Vrydag | Kaskardag |
| 13 Saterdag | Cheerleading Provincials by Laerskool Rynfield |
| 15 Maandag | Revue oefening |
| 15-16 Sept | **Assessering Wisk Gr 1-3** |
| 15-19 Sept | Kleuterskool: Konsertweek 15-19 September<br>Hokkie uitspele 15-19 September |
| 22-29 Sept | Revue sangopnames + Revue oefening |
| 26 Vrydag | Leier Hop |
| 27 Saterdag | Nasionale Optredes Redenaars + Public Speaking |
| 29 Maandag | Revue oefening |
| **OKTOBER** | |
| 1 Woensdag | Atletiek uitdunne: Veld items |
| 2 Donderdag | Atletiek uitdunne: Baan items |
| 3 Vrydag | **Skool sluit** |

**Nota toetsreeks: Indien geen toets geskeduleer is nie, word 'n projek volgens Departementele voorskrifte gedoen (Gr 4-7)**

1

**** Program is onderhewig aan verandering***

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD




## AANLYN INSKRYWINGS - GRAAD 1 - 2026

Die aanlyn-inskrywings het vandag oopgemaak en ons vra asseblief dat ouers so gou moontlik aansoek doen om jou kind se plek te verseker vir **Gr. 1 - 2026!**





# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

### MINI-KRIEKET:



Mini-krieketoefening vir alle belangstellende seuns in Graad 1 en 2 begin Dinsdag 29 Julie.
Alle seuns wat belangstel om krieket te speel, word uitgenooi om aan krieketoefeninge deel te neem.
Oefeninge sal plaasvind tussen 1 uur en 2 uur op Dinsdae en Donderdae.
Sien jul daar!

### SKAAK



Gauteng Individuele Kampioenskappe wat by John Barrable saal sou plaasvind, is ongelukkig deur die Departement gekanseleer as gevolg van 'n gebrek aan fondse.

Volgende week vind Distrik Spankampioenskappe plaas, 2 Augustus by Laerskool Westwood. (07:00 tot 18:00) 0/9, 0/11 en 0/13 spanne neem deel.

Die spanne sal voor die einde van die week op ons groepie geplaas word.

Stuur asseblief afskrifte van ID's en foto's so gou as moontlik.

Baie sterkte Rynies!

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD







BPSCC
BENONI PRIMARY SCHOOLS CROSS COUNTRY

BPSAA
BENONI PRIMARY SCHOOLS ATHLETICS ASSOCIATION

## BENONI CROSS COUNTRY

### League rules:

- League 1 Mass participation – Top 50 athletes will progress to league 2.
- League 2 – Top 50 athletes from league 1 – Top 35 Athletes to progress to Greater Benoni.
- Greater Benoni – Top 25 will progress to D17 championship.
- All documentation for the athletes who have progressed to D17 needs to be submitted by by 18 August. NO EXCEPTIONS!!!!
- ALL ATHLETES MUST RUN WITH A NAME TAG! Please include their full name, surname, date of birth and school.

### Important information:

- All athletes must participate at league 1 to progress to league 2.
- League 1 - Only relevant documentation will be reviewed by the committee if an athlete does not participate.
- League 2 – NO documentation will be accepted if an athlete does not participate in league 2 in order to qualify for Greater Benoni.
- No doctors notes will be accepted to progress to Greater Town or D17 meeting.
- NO PARENTS OR COACHES MAY RUN ALONGSIDE THEIR ATHLETES AT ANY TIME.

**Program for league 1:**

| AGE GROUP | TIME | DISTANCE |
|---|---|---|
| U/7 BOYS<br>U/7 GIRLS | 13:30<br>13:40 | 1KM |
| U/8 BOYS<br>U/8 GIRLS | 13:50<br>14:00 | 1KM |
| U/9 BOYS<br>U/9 GIRLS | 14:10<br>14:20 | 2KM |
| U/10 BOYS<br>U/10 GIRLS | 14:30<br>14:40 | 2KM |
| U/11 BOYS<br>U/11 GIRLS | 14:50<br>15:00 | 3KM |
| U/12 BOYS<br>U/12 GIRLS | 15:10<br>15:20 | 3KM |
| U/13 GIRLS | 15:30 | 3KM |
| U/13 BOYS | 15:40 | 4KM |

Regards
Benoni Schools Cross Country Committee

# CHEERLEADING

## LAERSKOOL RYNFIELD



Baie geluk aan ons dogters wat gedurende die vakansie uitstekend presteer het in die SA's!

SA Kampioene - Pom-Pom afdeling

2 de plek Cheerleading

2 de plek "Stunt" Groep





















**Baie belangrik!**
**Cheerleading -**
**Pom-Pom Proewe**



# KULTUUR

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Dis Kunswedstryd!!** Dell'Arte Kunswedstryd se program is beskikbaar. Geniet elke optrede. Onthou asseblief dat ek beskikbaar is vir afrigting indien julle met my reël. 0836005554
Alle uitslae moet asseblief so gou moontlik aan Juf. Barbara gestuur word - fisiese uitslae, nie elektronies nie, asseblief. Hierdie uitslae word op rekord geplaas met die oog op die Prysuitdeling in Desember.

**Public Speaking:** Baie sterkte aan al ons Orators wat optree by die Interschools Gauteng optredes op Saterdag 26 Julie. Ons sien daarna uit om julle in aksie te sien! Individuele deelnemers wat deur die skool ingeskryf is en die "Teams" moet asseblief ook seker maak dat ons die uitslae onder oë kry.

**Spreekkore en Koor:** Leerders moet asseblief seker maak dat alle oefeninge bygewoon word. Maak vroegtydig verskoning indien daar 'n probleem is. Sterkte vir die Kwartaal! ***Kultuurgroete, Juf. Barbara***






# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



NUUSBRIEF 23 VAN 2025

*24 JULIE 2025*

# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

## Welkom terug aan alle leerders en sterkte vir Kwartaal 3!

**Vakansie:**

Baie dankie aan alle personeel vir hulle tyd en insette gedurende hierdie vakansie.  Die leerders het die vakansie beslis geniet.
Graag wil ek ook baie dankie sê vir die leerders vir hulle goeie gedrag en gesindheid gedurende die vakansie.
Dit was ‘n plesier om hulle by die naskool te hê.







**Buitemuurse Aktiwiteite:**

Maak asseblief seker u kind stel personeel in kennis van hul buitemuurse aktiwiteite van kwartaal 3.  U kan ook ‘n nota op die uittekenregister maak, sodat ons deeglik bewus is waar u kind moet wees.

**Finansies:**

State is hierdie week uitgestuur.  Hou asseblief u rekening op datum.

NUUSBRIEF 23 VAN 2025

*24 JULIE 2025*

# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Middagete:**

Indien leerders na 15:00 kom vir middagete moet Tannie Annie / Tannie Melané asseblief vroegtydig in kennis gestel word vir beplanning doeleindes.

**Sport:**

Indien leerders wedstryde weg speel, maar nà die wedstryd terugkeer naskool toe, moet u ons asseblief daarvan in kennis stel, sodat ons bewus is van wie by die naskool moet wees / afwesig is.

## SPYSKAART - NASKOOL:



Maandag, 28/7:  Spaghetti Bolognaise

Dinsdag, 29/7:  "Russian & mash"

Woensdag, 30/7: Sop

Donderdag, 31/7: Kouevleisbroodjies

Vrydag, 1/8:  Broodjies met smere

- Elke dag vrugte en sap



## SPYSKAART - SNOEPIE:

Maandag, 28/7:  "Wraps"

Dinsdag, 29/7:  Pasteie

Woensdag, 30/7: "Toasted broodjies"

Donderdag, 31/7: Hamburgers

Vrydag, 1/8:  "Footlongs"

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

